



You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## NOVEMBER 2021

**PUNTE: 100**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 19 bladsye.**
**Hierdie vraestel moet in volkleur gedruk word.**

Kopiereg voorbehou 

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

In hierdie eksamen moet jy die volgende vaardighede toon:

- Gebruik van die korrekte kunsterminologie
- Gebruik en toepassing van visuele analise/ontleding en kritiese denke
- Skryf- en navorsingsvaardighede in 'n geskiedkundige en kulturele konteks
- Plaas van spesifieke voorbeelde in 'n kulturele, sosiale, politieke en historiese konteks
- Begrip van eiesoortige kreatiewe style

Lees die volgende instruksies voordat jy besluit watter vrae om te beantwoord.

1. Hierdie vraestel bestaan uit AGT vrae.

2. Beantwoord enige VYF vrae vir 'n totaal van 100 punte.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Vrae verskyn op die linkerkantse bladsye, met visuele bronne op die regterkantse bladsye.

5. Maak seker dat jy na die kleurafdrukke van die visuele bronne verwys waar dit vereis word.

6. GEEN punte sal toegeken word vir inligting wat in een antwoord bespreek en in ander antwoorde herhaal word NIE. Kruisverwysing van kunswerke is toelaatbaar.

7. Noem die kunstenaar en titel van ELKE kunswerk wat jy in jou antwoorde bespreek. Onderstreep die titel van 'n kunswerk of die naam van 'n gebou/struktuur.

8. Kandidate mag NIE beelde wat alreeds in ander vrae gebruik is, bespreek NIE.

9. Skryf op 'n duidelike, kreatiewe en gestruktureerde manier en gebruik volsinne en paragrawe volgens die instruksies van elke vraag. 'n Lys met feite/tabelle word NIE aanvaar NIE.

10. Gebruik die volgende riglyne vir die lengte van jou antwoorde. Let op die puntetoekenning.

    - 6–8 punte: 'n minimum van ½–¾ bladsy
    - 10–14 punte: 'n minimum van 1–1½ bladsy(e)
    - 20 punte: 'n minimum van 2 bladsye

11. Skryf netjies en leesbaar.

**LAAT HIERDIE BLADSY OOP.**

**BEANTWOORD ENIGE VYF VRAE.**

## VRAAG 1: DIE STEM VAN OPKOMENDE KUNSTENAARS

| |
|---|
| Pemba en Sibisi beeld die belangrike rol van die iSangoma as 'n tradisionele geneser tydens verskillende tydperke in Suid-Afrika uit. |

1.1 Vergelyk FIGUUR 1a en FIGUUR 1b met verwysing na die volgende:

- Narratiewe/Stories
- Visuele leidrade wat die 25 jaar-verskil aandui
- Formele kunselemente
- Fokuspunt
- Stemming/Atmosfeer (10)

1.2 Bespreek die kunswerk van enige TWEE kunstenaars (EEN werk per kunstenaar) wat interessante temas uitbeeld. Gee die name van die kunstenaars en die titels van die kunswerke.

Oorweeg die volgende in jou opstel:


- Onderwerp
- Invloede
- Formele kunselemente
- Media en tegniek
- Boodskap/Betekenis van die kunswerk. (10)

**[20]**

**iSangoma:** 'n Hoogs gerespekteerde geneser onder die mense van Suid-Afrika, wat diagnoseer, voorskryf en dikwels rituele uitvoer om 'n persoon fisies, geestelik, emosioneel of spiritueel te genees




FIGUUR 1a: George Pemba, ***iSangoma***, olie op bord, 1980.



FIGUUR 1b: Sithembiso Sibisi, ***The Sangoma's Feast (Die Sangoma se Fees)***, olie op doek, 2005.

## VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE KUNSTENAARS BEÏNVLOED DEUR AFRIKA- EN/OF INHEEMSE KUNSVORMS

| |
|---|
| Sokker is een van die gewildste sportsoorte wat deur baie mense wêreldwyd geniet word. FIGUUR 2c is 'n voorbeeld van 'n futuristiese kunstenaar se interpretasie van die energie van die spel. FIGUUR 2a en 2b toon 'n unieke Afrika-weergawe. |

2.1 Bespreek die interpretasie van die sokkertema deur die volgende te oorweeg:


- Hoe die tweedimensionele en driedimensionele gebruik van media die uitbeelding van die tema beïnvloed
- Energie/Ritme/Beweging wat in die styl en tegniek van die werke uitgebeeld word
- Afrika- en/of Westerse invloede (10)

2.2 Beskryf die werk van enige TWEE Suid-Afrikaanse kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wie se werk inheemse en/of Afrika-simbole en -kunsvorms weerspieël. Noem die kunstenaars en titels van die kunswerke.

Jy kan van die volgende gebruik:

- Onderwerp
- Invloede
- Formele kunselemente
- Styl
- Boodskap en/of betekenis (10)

**[20]**



FIGUUR 2a: Zamani Romeo Makhanya, ***Soccer's Rhythm (Ritme van Sokker)***, inkdruk op katoenpapier, 2010.



FIGUUR 2b: Jackson Hlungwane, ***Christ Playing Soccer (Christus Speel Sokker)***, gesnede hout, datum onbekend.



FIGUUR 2c: Umberto Boccioni, ***Dynamism of a Soccer Player (Dinamiek van 'n Sokkerspeler)***, olie op doek, 1913.

**VRAAG 3: SOSIOPOLITIEKE KUNS, WEERSTANDSKUNS VAN DIE 1970's EN 1980's INGESLUIT**

3.1 Vergelyk enige TWEE kunswerke in FIGUUR 3a, 3b en 3c deur na die volgende riglyne te verwys:

- Lyn, kleur, vorm en patroon
- Styl en media
- Die uitbeelding van die geweer in elke kunswerk en die rol daarvan in verhouding tot die ander beelde in die kunswerk.
- Hoe word sosiopolitieke kwessies in Suid-Afrika in hierdie werke hanteer? (10)

3.2 Skryf 'n kritiese analise oor TWEE kunswerke deur TWEE verskillende kunstenaars (EEN kunswerk per kunstenaar) wie se temas sosiopolitieke kwessies weerspieël. Noem die kunstenaars en die titels van die kunswerke.

Oorweeg die volgende:

- Onderwerp
- Formele kunselemente
- Boodskap/Betekenis (10)

**[20]**



FIGUUR 3a: Willie Bester, ***Speelman,*** gemengdemedia-beeldhouwerk, 1995.



FIGUUR 3b: Ayanda Mabulu, ***Infant Democracy (Kinderdemokrasie)***, olieverf en bladgoud op doek, 2017.



FIGUUR 3c: Khaya Witbooi, ***Gun Shake (Handdruk met Geweer)***, gemengde media, 2017.

**VRAAG 4: KUNS, KUNSVLYT EN GEESTELIKE WERKE HOOFSAAKLIK UIT LANDELIKE SUID-AFRIKA**

| |
|---|
| Afdrukke wat deur kunstenaars in landelike gebiede gedoen word, vertel dikwels 'n storie oor die lewe in die gemeenskap. |

4.1 Bespreek die stories wat in FIGUUR 4a en 4b vertel word deur die volgende te vergelyk:


- Formaat
- Fokuspunt
- Lyn en tekstuur
- Diepte en perspektief
- Styl (10)

4.2 Bespreek die werk van enige TWEE kunstenaars wat kuns, kunsvlyt en/of geestelike werke van landelike Afrika skep.

Verwys na die volgende riglyne:

- Invloede
- Media en tegniek
- Moontlike betekenis/Doel/Funksie
- Hoe dra hierdie kunswerke/kunsvlyt/geestelike werke tot die samelewing by? Skryf jou antwoord breedvoerig neer. (10)

**[20]**



FIGUUR 4a: Lucky Sibiya, ***Warrior (Kryger)***, houtsnee, 1977.




FIGUUR 4b: Judus Mahlangu, ***Baptism (Doop)***, etswerk, 1975.

**VRAAG 5: MULTIMEDIA EN NUWE MEDIA – ALTERNATIEWE KONTEMPORÊRE EN POPULÊRE KUNSVORME IN SUID-AFRIKA**

Fiona Kirkwood het 'n unieke manier waarop onkonvensionele materiaal gemeng word om 'n beeld/installasie te skep, soos in ***Spirit Coat (Geestesjas)*** gesien kan word. Die materiaal word as 'n metafoor vir die beskerming van individue, die samelewing, kultuur en geskiedenis gebruik.

5.1 Bespreek die ***Spirit Coat (Geestesjas)*** (FIGUUR 5a–c) met verwysing na die volgende:

- Die moontlike betekenis van die uitgesnyde figure wat in 'n sirkel uitgepak met klippies is op die vloer geplaas is
- Simbole in die werk, bv. kruise en die betekenis daarvan
- Die gebruik van 'n verskeidenheid onkonvensionele en herwinde materiaal en die rol wat dit in die skepping van tekstuur, kleur en stemming speel
- Betekenis van die titel: Dink jy die werk is 'n suksesvolle uitdrukking van 'n *Geestesjas* en hoekom? Waarom sou die kunstenaar in ons moderne wêreld 'n geestesjas wil skep? (10)

5.2 Bespreek enige TWEE kontemporêre kunswerke wat nuwe/alternatiewe media gebruik om 'n kragtige boodskap te skep. Noem die kunstenaar(s) en die titels van die kunswerke. (10)

**[20]**


**Onkonvensioneel:** Gebruik nie tradisionele materiaal nie

**Metafoor:** Iets wat as 'n voorstelling of simbolies van iets anders beskou word



FIGUUR 5a: Fiona Kirkwood, ***Spirit Coat (Geestesjas)***, klippies, papieruitknipsels, 1 000 koeldrankblikringetjies, plastiek, katoengare, staal, draad en ander herwinde materiaal, installasie, 2001.





FIGUUR 5b en 5c: Fiona Kirkwood, ***Spirit Coat (Geestesjas)***, (detail) klippies, papieruitknipsels, 1 000 koeldrankblikringetjies, plastiek, katoengare, staal, draad en ander herwinde materiaal, installasie, 2001.

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 6: DEMOKRATIESE IDENTITEIT IN SUID-AFRIKA NÁ 1994

Ons leef in 'n wêreld waar sosiale media 'n diepgaande effek op die identiteitspolitiek van Suid-Afrika het. Wat is die identiteitskwessies waarmee jy en/of jou vriende op die oomblik worstel?

6.1 Debatteer die stelling deur na DRIE van FIGURE 6a–e te verwys. (10)


6.2 Bespreek die werk van enige TWEE kunstenaars wat identiteit in 'n demokratiese Suid-Afrikaanse samelewing ondersoek. Noem die kunstenaars en titels van die kunswerke. Moet NIE die kunswerke wat in VRAAG 6.1 gegee word, herhaal NIE.

Jy kan na die volgende riglyne verwys:


- Beeldgebruik
- Identiteitspolitiek
- Styl en tegnieke
- Betekenis/Boodskappe (10)

**[20]**


**Identiteitspolitiek:** Verwys na die verbintenis en debat rondom 'n mens se identiteit in terme van geloof, ras, sosiale agtergrond, klas en geslag, ens.



FIGUUR 6a: Mustafa Maluka, ***#flashback/prodigal son (#terugflits/verlore seun)***, datum onbekend.



FIGUUR 6b: Pierre Fouche, ***Lace Portrait (Portret van Kant)***, poliëstergare, datum onbekend.




FIGUUR 6c: Norman O'Flynn, detail van ***Timekeeper 35-King (Tydhouer 35-Koning)***, gemengde media in 'n ligkas, 2017.



FIGUUR 6d: Claudette Schreuder, ***Three Sisters (Drie Susters)***, hout en emalje, datum onbekend.



FIGUUR 6e: Hasan en Husain Essop, ***Fast food (Kitskos)***, fotomontage, 2008.

**VRAAG 7: GESLAGSKWESSIES: MANLIKHEID EN VROULIKHEID**

Daar is nie minder nie as 21 vroue en kinders in die afgelope paar weke vermoor. Hulle moordenaars het gedink dat hulle hulle kon stilmaak. Maar ons sal hulle nie vergeet nie en ons sal vir hulle praat waar hulle nie kan nie.

Cyril Ramaphosa, 2020

Toe Penny Siopis ***Die Skandereeks (The Shame Series)*** in 2002–2005 geskep het, het sy op kwessies van mishandeling van vroue en kinders lig gewerp. Dit is deesdae steeds 'n ernstige kwessie in ons samelewing en daar is verskillende maniere waarop kunstenaars die publiek van hierdie kwessies bewus maak.

7.1 Bespreek die stelling hierbo met verwysing na FIGURE 7a–7d.

Noem die volgende in ag:

- Die betekenis van:
  - Die hande op die gesig
  - Onderklere op die sypaadjie
  - Skoene, ens.
- Kleur
- Stemming/Emosie, atmosfeer, bv. kommunikasie deur die oë, materiaal, media en tegniek
- Watter van hierdie voorbeelde, voel jy, het die grootste impak om die publiek se aandag na hierdie geslagsgebaseerde geweld te trek. Gee redes vir jou antwoord. (10)

7.2 Skryf 'n opstel oor TWEE kunswerke (EEN kunswerk per kunstenaar) wat jy bestudeer het wat geslagskwessies in die samelewing hanteer. Noem die kunstenaars en die titels van die kunswerke. (10)

**[20]**



FIGUUR 7a: Straatkuns in Amerika, vroueonderklere en foto's, datum onbekend.



FIGUUR 7b: Penny Siopis, ***Shame Series (Skandereeks)***, gemengde media op papier (ink met gom gemeng), 2002–2005.




FIGUUR 7c: Penny Siopis, ***Shame Series (Skandereeks)***, gemengde media op papier (ink met gom gemeng), 2002–2005.



FIGUUR 7d: ***She leaves him. He kills her (Sy los hom. Hy vermoor haar)***, duisende betogers het buite 'n hofsaal in Brussel betoog en geëis dat geweld teen vroue beëindig moet word, 2015.

## VRAAG 8: ARGITEKTUUR IN SUID-AFRIKA

> Argitektuur moet beide binne en buite die landskap wees.
>
> Frank Lloyd Wright
>
> Die toekoms van konstruksie/argitektuur gaan waarskynlik baie ekovriendelik word soos wat mense meer bewus word van die verwoestende impak wat ons op die omgewing het.

8.1 Skryf 'n paragraaf waarin jy FIGUUR 8a en 8b bespreek met verwysing na sommige van die volgende:

- Hoe is Frank Lloyd Wright se stelling op elke voorbeeld van toepassing?
- Verwys na FIGUUR 8a en bespreek hoe tyd en lig 'n effek op die buitekant van die gebou kan hê. Antwoord breedvoerig.
- Hoe het Aitken in FIGUUR 8a sy materiaal/media op 'n innoverende manier gebruik? Antwoord breedvoerig.
- Verwys na FIGUUR 8b en bespreek die voordele daarvan om hierdie gebou vooraf te vervaardig.
- Elke huis het 'n verskillende dakstruktuur. Bespreek die voordele en nadele van elk. (8)

8.2 Bespreek enige TWEE Suid-Afrikaanse geboue wat op 'n interessante manier by hulle omgewing pas. Noem die argitek(te) en titels van die geboue.

Neem sommige van die volgende riglyne in ag:

- Invloed van ligging/bouterrein op die ontwerp
- Funksie/Doel
- Invloede
- Materiaal
- Ontwerp en styl (12)

**[20]**



FIGUUR 8a: Doug Aitken, ***Mirage Gstaad (Lugspieëling, Gstaad)***, gedeelte van Elevation 1049: Frequencies, huis met spieëls oortrek, Switserland, 2019.



FIGUUR 8b: Pietro Russo, ***Eco Home (Ekohuis),*** Franschhoek, Suid-Afrika, 2014. Verskillende aansigte van dieselfde huis. Vooraf in 'n fabriek in Suid-Afrika vervaardig en daarna na sy ligging vervoer.

Kopiereg voorbehou